

Die gelowige en die blinde, verdeelde wêreld.

Die wêreld van vandag vereis Skrif-gefundeerde oordeelsvermoë van die gelowige (Kolossense 1:28). Die sogenaamde "Nuwe Ekumeniese Beweging" wil eenheid in geloof bewerkstelling maar dit is kommerwekkend gebaseer op 'n god wat die mens self gefabriseer het (Jesaja 29:13). Deur hulle eie menslike wysheid (Kolossense 2:8) het hulle deur die koning van hierdie wêreld verblind geraak (2 Korintiërs 4:3-4). Tipes lyk dit as volg:

- **God is slegs liefde.** Solank jy binne die liefde bly en dus niemand konfronteer nie, word niemand beledig nie. Met ander woorde, die heiligheid en regverdigheid van God word ontken (Levitikus 19:1-2; Matteus 5:48; 1 Johannes 5:18). Hierdie mense is gewoonlik vinnig om uit te wys hoe hulle beledig word, of dat ander mense verontreg word (Johannes 8:43-48). Die liberale vertroetel die gedagte van selfregverdiging deur goeie dade en is blindelings vasgevang in verlore goedkeuring van sonde, in plaas van die verlossing van sonde.
- **God doen nie wonderwerke nie.** Die moderne wetenskap bevat bewyse vir alles. So, byvoorbeeld en volgens hulle, was die maagdelike geboorte (Goddelikheid) van Christus nie moontlik nie en word dit as 'n mite afgemaak. Hulle sal voorbeelde soos Alexander die Grote en Chrisna voorhou wat ook beweer het dat hulle maagdelike geboortes gehad het. Wat hulle uit die oog verloor is dat nie een van die nabootsers volgens die Geskrifte (profeties en kontekstueel) opgetree het en uit die dood opgestaan het nie (1 Korintiërs 15:1-8). Geen mite kan kers vashou by die Leeu uit die stam van Juda, die Messias, nie (Genesis 49:8-10; Jesaja 11:1-2; Miga 5:1-3; Openbaring 5:5)
- **Hulle beweer dat daar 'n "goue lyn is deur alle gelowe".** Met ander woorde, die uniekheid van Christus word ontken. Skrif soos Johannes 14:6 word ontken en daar word beweer dat die Christen arrogant is om te beweer dat mense van ander gelowe verlore is. Die eenheid wat die verblinde soek, is eenheid gebaseer op menslike norme en nie op objektiewe moraliteit, die waarheid nie (Johannes 8:31). Die ware eenheid in die kerk is Christus, en Christus in Sy Goddelike volheid (Efesiërs 4:13; Kolossense 2:9-10) as Seun van God (Jesaja 7:14; Daniël 7:13) wat gekom het om die Vader te verheerlik (Deuteronomium 18:18; Johannes 12:49; Johannes 16:12-16). Die Seun van God is die enigste een wat neergedaal en opgevaar het (Efesiërs 4:8-10) en is die ewige lewe (1 Johannes 5:20). Regmatig is Hy die een teenoor Wie elke mens op aarde moet rekenskap gee. indien jy Christus as jou Verlosser en Here aangeneem het, is jy buite die oordeel (Johannes 5:22-24). Indien jy buite Christus sterf, gaan jy volgens jou werke geoordeel word (2 Korintiërs 11:15). Die ware eenheid in die Kerk is dus Christus wat die Naam van God aan ons kom bekendmaak het (Johannes 17:1-8). Die verdeeldheid in die Kerk is geloof teenoor ongeloof (1 Johannes 5:12). Die verskeidenheid in die Kerk is die genadegawes om mekaar te bedien (1 Korintiërs 12:3-11).

Die Christen is geroep om dissipels te maak van alle nasies (Matteus 28:19). Daar is miljoene verlore mense wat baie hartseer nie deel het aan die heerlikheid van God nie (Romeine 3:23). Hulle vind nie antwoorde op moeilike vrae nie omdat hulle vasgevang is in hulle eie, en beperkte, menslike verwysingsraamwerk.

Die gelowige kan ten spyte van vrees (1 Korintiërs 2:1-5) op die krag van die Heilige Gees staat maak (Handelinge 1:8) om te getuig. Hoe die Woord jou lewe verander het, wie Christus werklik is en wat Hy gedoen het. Sodoende behou jy die gesprek rondom Christus en jy beroep jou op gesag, die Woord van God.

Die gelowige raak nie in redenasies betrokke oor dinge soos "Evolusie" en "Big Bang" nie. Die gelowige probeer ook nie vir ander mense wys hoe verkeerd hulle is nie, maar getuig oor die Waarheid, Jesus Christus.

Vra God, die Vader, in die Naam van Jesus (Matteus 7:7; Johannes 16:24) om jou te help om die Woord van God te verstaan en dat Hy Hom aan jou openbaar (Johannes 14:21). Bestudeer aktief die Woord van God om tot ware kennis van God te kom (2 Timoteus 3:16; 1 Petrus 3:15; Openbaring 3:15).

Seënwense



Harry van Huyssteen
harryvh@matthew28.co.za
082 654 6736
www.matthew28.co.za